
# Ons Volksliedjies



NET so geheimsinnig as wat die oorsprong van „Sarie Marais" is, is ook die ontstaan van „Gertjie." In alle musiekbundels word die oorsprong van woorde en musiek as „onbekend" beskryf. Dr. Du Toit vra: „Is Gertjie miskien so tipies Afrikaans as wat dit daar uitsien, is dit nie ook maar 'n bewerking van 'n vreemde Engelse lied nie?" Wat die musiek betref, is dit afkomstig van die Amerikaanse „Just before the Battle Mother, Mother," maar daar die Afrikaanse woorde hoegenaamd geen ooreenkoms met die Amerikaanse vertoon nie, moet dit van suiwer Afrikaanse oorsprong wees. Verder lewer „Gertjie" nog ander moeilikhede op. Dis onduidelik of Gertjie 'n meisie of jongkêrel is, en daar bestaan onsekerheid omtrent watter versies deur die seun en watter deur die nooi gesing word.

### GERTJIE

*(1)*

SY

*Wanneer kom ons troudag, Gertjie?*
*Hoe's dit dan so stil met jou?*
*Ons is so lank verloof al, Gertjie,*
*Dit is tyd dat ons gaan trou.*

REFREIN:

*Glo tog, Gertjie, ek sal nooit nie,*
*Nog langer aan jou sleeptou bly nie.*
*Jy dink miskien ek kan nie dood nie,*
*Maar my jare gaan verby.*

*(2)*

*Ek hoor jy is verlief op Sarie,*
*Maar die pret moet jy laat staan.*
*Pas maar op vir Piet en Danie,*
*Hul is kêrels wat sommer slaan.*

*(3)*

HY

*Jy weet mos as ons Sondags kuier,*
*Agter om die kop verby,*
*Dan sê ek, Nonnie lig jou sluier,*
*Kom en gee 'n soen vir my.*

*(4)*

SY

*Gertjie al die soentjies help nie,*
*Kyk vir Pieter en vir Griet.*
*Vandag wil hul mekaar nie hê nie,*
*Al die soentjies is verniet.*

*(5)*

*Ons moet die pret laat staan maar,*
*Ons moet maar die soen laat bly,*
*Ek sal my eie pad dan kry maar,*
*En jy kan na Sarie vry.*

Die volgende lied, „Grietjie," is gedig deur P. J. H. Groenberg en die bekende musiek is deur Hullebroeck.

### GRIETJIE

*Griet, my skat, en weet jy wat*
*Die mense nou weer praat!*
*Dat ek en jy dalk ander maand,*
*Nog voor die preekstoel staat —*
*Ek weet nie wat jou plan is nie,*
*Maar myn' is lankal klaar,*
*En as jy net die woordjie sê,*
*Dan trou ons met mekaar!*

REFREIN:

*Grietjie, my liewe Grietjie,*
*Ek het jou baie lief.*
*Ag! luister na my liedjie,*
*My skone Grietjie, my hartedief!*

---

## deur
## N. H. THEUNISSEN

---

*Meimaand, my hart, is vrymaand.*
*Kom, ons twee vra jou pa —*
*Gaan maar saam en vat my naam,*
*My hartlam, waarom is jy skaam?*
*Sê tog net eenkeer, ja!*

*Griet, my skat, en weet jy wat*
*Die huis is al gebou,*
*En mooie meubels is gekoop,*
*'t wag alles net op jou.*
*Een ding ontbreek en niks makeer,*
*Word jy maar net my vrou,*
*Dan is die hele wêreld reg,*
*En sal 't jou nooit berou!*

*Griet my skat, en weet jy wat?*
*Die mense verder sê,*
*Omtrent die honderd pond van jou,*
*Wat in die spaarbank lê?*
*Hul sê dit is net om jou geld,*
*Dat ek jou het gevra;*
*Maar was dit neën-en-neentig maar,*
*Sou jy ook sê ja.*

### DIE AFRIKAANSE POP

*Die wêreld die is baie groot,*
*Dit weet die aap se stert,*
*En orals kry jy meisies wat*
*'n Hele boel is werd.*
*Maar jy kan gaan van Oos na Wes,*
*Ek wed jou vir 'n dop,*
*Dat nêrens kry sy so 'n nooi,*
*As die Afrikaanse pop (bis).*

*Die Franse nooi se ogies blink,*
*Baie lief dit moet ek sê,*
*Haar neusie is so fyn en fraai,*
*En glad soos jy wil hê!*
*Sy's baie aanlokkend, ja, dis waar,*
*Maar kêreltjie, pasop!*
*Gaan kry jou tienmaal liewer tog,*
*'n Afrikaanse pop (bis).*

*Die Fraulein uit die gawe land,*
*Van worsies en van bier,*
*Is 'n bekoorlike singertjie,*
*En tuis by die klavier;*
*Maar hoe die frikkedel te braai,*
*En hoe te kook jou sop,*
*Daar kom sy by die hak nie van,*
*Die Afrikaanse pop (bis).*

*Die Skotse blou-oog „lassie,"*
*Met haar stem van silwer' klank,*
*Het wangetjies as rose en*
*'n Nekkie lelie-blank.*
*Maar allalet, sy is te fyn,*
*Te tenger boënop,*
*Om skouer aan die wiel te sit,*
*Soos die Afrikaanse pop.*

*Die „miss" uit Engeland weet,*
*Hoe 'n hoedjie te bestel,*
*En van teaters kan sy jou*
*'n Ganse lot vertel.*
*Maar as jy graag 'n vrou wil hê,*
*Wat ook jou kous kan stop;*
*Vry dat dit kraak, ou-boetie, na*
*'n Afrikaanse pop.*

*Laat ander sê wat ander wil,*
*Maar hierso staan ek by;*
*Jy kan g'n beter nooientjie in*
*Die hele wêreld kry,*
*Gesond, beskeie, sag en soet,*
*En vlytig boënop,*
*Sy's tog 'n alte liewe ding,*
*Die Afrikaanse pop.*

'n Baie ou lied is „Mamma, ek wil 'n Man Hê." Dit word in verskillende vorms gevind in Limburg, Vlaandere, en in die Plat-Duits van Gulik. Dit word ook al baie lank hier in Suid-Afrika gesing.

### MAMMA, EK WIL 'N MAN HÊ

*Mamma, ek wil 'n man hê!*
*Watter man, my liewe kind?*
*Wil jy dan 'n Franseman hê?*
*Nee, Mamma, nee!*
*'n Franseman die wil ek nie,*
*Want „parlez-vous" verstaan ek nie,*
*Dit is my plesier,*
*Met die Boer-jongkêrels hier.*

*Mamma, ek wil 'n man hê!*
*Watter man, my liewe kind?*
*Wil jy dan 'n Hollander hê?*
*'n Hollander die wil ek nie,*
*Nee, Mamma, nee!*
*Want God vervloek die kan ek nie,*
*Dis my plesier,*
*Met die Boer-jongkêrels hier.*

*Mamma, ek wil 'n man hê!*
*Watter man, my liewe kind?*
*Wil jy dan 'n Duitser hê?*
*Nee, Mamma, nee!*
*'n Duitserman die wil ek nie,*
*Want schweinefleisch die lus ek nie,*
*Dis my plesier,*
*Met die Boer-jongkêrels hier.*

*Mamma, ek wil 'n man hê!*
*Watter man, my liewe kind?*
*Wil jy dan 'n Boerseun hê?*
*Ja, Mamma, ja!*
*'n Boereman die wil ek hê,*
*In 'n Boer se arms wil ek lê,*
*Dit is my plesier*
*Met die Boer-jongkêrels hier.*

---

Mev. Slim: „'n Mens word volgens jou vriende geoordeel."

Mev. Dom: „Ja, maar nie voor jy eers weg is nie."

**SWAK SENUWEES**



**Gebeef oor Bulk**
**Verlore Selfvertroue**
**Moegheid in die Oggend**
**Senuweeagtige Hoofpyn**
**Vrees vir Kranksinnigheid**
**Kortgebondenheid**
**Slaaploosheid**

Die kommer en sorge van die moderne lewe maak van byna helfte van ons senulyers. Ons ly almal aan Geldsiekte. Die Senugestel kan nie altyd die kommer verdra van te min geld, net genoeg of teveel geld nie. Nooit skyn ons genoeg tyd te hê nie, met die gevolg dat die Senuwees daaronder ly. Mettertyd verskyn daar tekens van Senuswakte, Senuwee-Instorting of wat die dokters Neurose noem.

Duisende en nogmaals duisende lyers aan oorspanne Senuwees het al ongelooflike verligting gevind vanaf die eerste dosis van die Dr. Heinz Senuwee Versterker. Hierdie merkwaardige medisyne kalmeer die Sentrale Senugestel en versterk die Senuwees van die gehele liggaam om hul swaar las te kan dra.

Getuigskrifte is daar by die duisende van mans, vrouens en kinders op elke gebied van die samelewing.

Die **DR. HEINZ SENUWEE VERSTERKER** kos 5/6 per bottel of 'n volledige kuur van 6 bottels by alle aptekers. Party volwassenes en kinders verkies die tabletform. 5743-3A.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012